

Aangesien hierdie die laaste algemene eksamen van hierdie sillabus was, word in hierdie verslag eerder klem gelê op algemene sake as spesifieke inhoud.

Die Vraestel

Daar het ongelukkig 'n vertaalfout (1.1) voorgekom, terwyl die bewoording, uiteensetting en punttoekenning in sommige vrae na ons oordeel nie goed was nie. Desnieteenstaande was dit 'n vraestel van goeie gehalte waarin kandidate met goeie begrip uitstekend presteer het.

Probleme by die beantwoording

By verskeie vrae waar verduidelikings gevra is (2.1.2, 2.2.1, 7.3.1, 8.4) het kandidate gesukkel om die vraag volledig en logies uiteengesit te beantwoord. Klem moet in onderrig hierop gelê word, en opvoeders word aangeraai om die memorandum te raadpleeg sodat hulle hulle kan vergewis van wat verwag word. Sommige kandidate is slegs in staat om verduidelikings in terme van berekenings, en nie in terme van woorde te gee nie.

Kandidate weet dikwels die antwoord, maar skryf slegs 'n verduideliking, en nie die gevraagde antwoord neer nie. By 2.2.1 word bv. 'n korrekte verduideliking gegee, maar die antwoord (T_1 of T_2) ontbreek.

Baie kandidate laat eenhede weg (bv. 2.2.2, 6.2); gebruik dubbelpyle verkeerd in chemiese vergelykings; laat die konsentrasiehakies ([]) weg (7.2).

Kandidate lees dikwels vrae swak, byvoorbeeld: Vergelyk HBr en HF in 2.1.2. Gee S by 2.2.3 as antwoord, terwyl 'n gas gevra word.

Baie kandidate sukkel om logiese argumente te formuleer. Vraag 8.3.1 word bv. soos volg beantwoord:

$$E_{\text{katode}} = -0,76 - (-1,16) = 0,9 \text{ V}$$

Dit terwyl dit juis gevra is om $-0,76 \text{ V}$ te bereken.

By struktuurformules (9.2) reken baie kandidate dat indien 'n ketting geteken word met 'n buig in, dit 'n ander isomeer voorstel.

Die beantwoording van vraag 8.4 was problematies. Baie kandidate redeneer nie i.t.v. relatiewe sterkte van oksideer- en reduseermiddels nie. Stellings soos "Koper is 'n sterker oksideermiddel as sink" dui op 'n algemene gebrek aan begrip van die redoksproses.

By 5.1 het baie min kandidate die oorsaak van die massavermindering korrek geïdentifiseer. Antwoorde soos "Die reaktanse word opgebruik" toon 'n gebrekkige begrip van die behoud van massa in chemiese reaksies.

Afronding en die gebruik van beduidende syfers het in hierdie eksamen geblyk 'n probleem te wees (hoewel kandidate nie in die memorandum daarvoor gepenaliseer is nie). Kandidate moet die algemene reël leer dat afronding eers by die finale antwoord moet plaasvind, terwyl die onafgeronde waarde deurgaans op die sakrekenaar behou moet word. Kandidate wat in vraag 2.2.2 die stofhoeveelheid (in mol) halfpad deur die berekening afgerond het, het 'n finale antwoord gekry wat dit onmoontlik gemaak het om die volgende vraag te beantwoord.